



18 AUGUST 2026

REGISTERED MAIL

Dear Sir/Madam; *Geagte Meneer/Dame*

NOTICE OF LAND USE APPLICATION / KENNISGEWING VAN GRONDGEBRUIKSAANSOEK: ERF 35, ST HELENA BAY,
APPLICANT/APPLIKANT: CK RUMBOLL & PARTNERS: - **CONTACT DETAILS/KONTAK BESONDERHEDE:** ROEBEN PIENAAR
[022 482 1845/ planning9@rumboll.co.za]

Notice is hereby given in terms of Sections 46 and 47 of the Saldanha Bay Municipal Land Use Planning By-law that Saldanha Bay Municipality is considering the following:

Notice of amendment to an application in terms of Section 52(1)(a) of the Saldanha Bay Municipality By-law on Land Use Planning, 2022.

Please take note that the application has been amended since the previous notice dated 4 August 2026.

The amendment relates to the proposed wording of Condition of Approval (x). The applicant has removed the proposed date of 17 December 2026 from Condition (x). The amended wording now provides that the public parking and public ablution facilities must be fully developed and transferred to the Municipality before the issuing of clearance for the 1 100th residential erf.

All other aspects of the application remain unchanged.

- a) Amendment, in terms of Section 15(2)(h) of the Saldanha Bay Municipality By-law on Land Use Planning, 2022, for the amendment of condition (x) of the Amendment of Conditions of Approval letter dated 12 June 2012 (ref: 35; 37 & 40/St H) which reads as follows:

“(x) dat die groepbehuisingskomponent van die Fase 3 uitleg heeltemal hersien word aangesien die algehele toegang na die see afsny, daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir voldoende toegang na die see vir die algemene publiek met ‘n parkeerarea en fasiliteite wat spesifiek ook openbare toilette insluit. Dat laasgenoemde publieke parkeerarea en toilette moet voor of op 1 Maart 2013 volledig ontwikkel en in die naam van die Raad oorgedra word of voor uitreiking van uitklaring vir die 400ste residensiële perseel, wat ook al die vroegste is.”

The amended application proposes that Condition (x) be amended to read as follows:

“Dat die groepbehuisingskomponent van die Fase 3 uitleg heeltemal hersien word aangesien die algehele toegang na die see afsny, daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir voldoende toegang na die see vir die algemene publiek met ‘n parkeerarea en fasiliteite wat spesifiek ook openbare toilette insluit. Dat laasgenoemde publieke parkeerarea en toilette moet volledig ontwikkel word en in die naam van die Raad opgedra word voor uitreiking van uitklaring vir die 1 100ste residensiële perseel.”

The amended application therefore seeks to remove the proposed 17 December 2026 implementation date and retain the requirement that the public parking and public ablution facilities be fully developed and transferred to the Municipality before the issuing of clearance for the 1 100th residential erf.

Details are available for scrutiny on the website of Saldanha Bay Municipality at the following link: <https://sbm.gov.za/notices/>

The above application is available for inspection during weekdays between 08:30 and 16:30 at the Town Planning Department, 17 Main Street, Vredenburg. Any **written comments** may be addressed in accordance with Section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, Private Bag X12 / 17 Main Street, Vredenburg, 7380 / amanda.meyer@sbm.gov.za on or **before 30 days from the date of registration of this notice**, quoting your, name, address, contact details, interest in the application and reasons for your comments. Enquiries can be made to Martin Botha at Tel: 022-701-7107 or martin.botha@sbm.gov.za The Municipality may refuse to accept any comments received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments. Comments/objections will be forwarded to the applicant for his/her response.

Kennis word hiermee gegee, ingevolge Artikels 46 en 47 van die Saldanhabaai Munisipale Grondgebruik beplanningsverordening dat Saldanhabaai Munisipaliteit die volgende oorweeg:

Kennisgewing van wysiging van 'n aansoek ingevolge Artikel 52(1)(a) van die Saldanhabaai Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2022.

Neem asseblief kennis dat die aansoek gewysig is sedert die vorige kennisgewing gedateer 4 Augustus 2026.

Die wysiging het betrekking op die voorgestelde bewoording van Voorwaarde (x). Die aansoeker het die voorgestelde datum van 17 Desember 2026 van Voorwaarde (x) verwyder. Die gewysigde bewoording bepaal nou dat die openbare parkeerplek en openbare ablusiegeriewe volledig ontwikkel en aan die Munisipaliteit oorgedra moet word voordat goedkeuring vir die 1 100ste residensiële erf uitgereik word.

Alle ander aspekte van die aansoek bly onveranderd.

- a) Wysiging, ingevolge Artikel 15(2)(h) van die Saldanhabaai Munisipale Verordening op Grondgebruikbeplanning, 2022, van voorwaarde (x) van die Wysiging van Voorwaardes Goedkeuring gedateer 12 Junie 2012 (verw: 35; 37 & 40/St H wat soos volg lees:

“(x) dat die groepbehuisingskomponent van die Fase 3 uitleg heeltemal hersien word aangesien die algehele toegang na die see afsny, daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir voldoende toegang na die see vir die algemene publiek met ‘n parkeerarea en fasiliteite wat spesifiek ook openbare toilette insluit. Dat laasgenoemde publieke parkeerarea en toilette moet voor of op 1 Maart 2013 volledig ontwikkel en in die naam van die Raad oorgedra word of voor uitreiking van uitklaring vir die 400ste residensiële perseel, wat ook al die vroegste is.”

Die gewysigde aansoek stel voor dat Voorwaarde (x) gewysig word om soos volg te lees:

“Dat die groepbehuisingskomponent van die Fase 3 uitleg heeltemal hersien word aangesien die algehele toegang na die see afsny, daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir voldoende toegang na die see vir die algemene publiek met ‘n parkeerarea en fasiliteite wat spesifiek ook openbare toilette insluit. Dat laasgenoemde publieke parkeerarea en toilette moet volledig ontwikkel word en in die naam van die Raad oorgedra word of voor uitreiking van uitklaring vir die 1 100ste residensiële perseel.”

Die gewysigde aansoek poog dus om die voorgestelde implementeringsdatum van 17 Desember 2026 te verwyder en die vereiste te behou dat die openbare parkeer- en openbare ablusiegeriewe volledig ontwikkel en aan die Munisipaliteit oorgedra moet word voordat goedkeuring vir die 1 100ste residensiële erf uitgereik word.

Besonderhede is beskikbaar vir insae op die webwerf van Saldanhabaai Munisipaliteit by die volgende skakel:
<https://sbm.gov.za/notices/>

*Die bogenoemde aansoek is ter insae beskikbaar gedurende weeksdae tussen 08:30 and 16:30 by die Departement Stadsbeplanning, Hoofstraat 17, Vredenburg. Enige **skriftelike kommentaar** kan ooreenkomstig Artikel 50 van die genoemde wetgewing gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Privaatsak x 12 / Hoofstraat 17, Vredenburg / amanda.meyer@sbm.gov.za op of **voor 30 dae vanaf die datum van registrasie van hierdie kennisgewing**, met vermelding van u naam, adres of kontakbesonderhede, belang in die aansoek en redes vir kommentaar. Navrae kan gerig word aan Martin Botha by Tel: 022-701-7107 of martin.botha@sbm.gov.za Die Munisipaliteit mag weier om kommentaar te aanvaar wat na die sluitingsdatum ontvang word. Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n Munisipale amptenaar bygestaan word deur hul kommentaar oor te skryf. Besware sal aan die applikant gestuur word vir sy/haar repliek.*

Regards / Die Uwe




pp MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER

LOCALITY PLAN
ERF 35
ST HELENA BAY

REF:
STH/15324/RP





NOTE:
ALL SIZES AND DISTANCES ARE SUBJECT TO SURVEY

Legend

 The Property

SCALE :

1:4000


Date:
JULY 2026

AUTHORITY:
SALDANHA BAY MUNICIPALITY

COMPILED BY:

 **CK RUMBOLL**
& PARTNERS

16 Rainier Street
Malmesbury
Tel: 0224821845
Fax: 0224871661
planning9@rumboll.o.za




35

LOCALITY PLAN
ERF 35
ST HELENA BAY

REF:
STH/15324/RP





NOTE:
ALL SIZES AND DISTANCES ARE SUBJECT TO SURVEY

Legend

 The Property

SCALE :

1:4000

Date:
JULY 2026

AUTHORITY:
SALDANHA BAY MUNICIPALITY

COMPILED BY:

 **CK RUMBOLL**
& PARTNERS

16 Rainier Street
Malmesbury
Tel: 0224821845
Fax: 0224871661
planning9@rumboll.o.za





MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • uMASIPALA

Municipal Manager
Munisipale Bestuurder
Umphati kaMasipala
Privaatsak / Private Bag x12
VREDENBURG
7380

☎ (022) 701 7000 📠 (022) 715 1518

mun@saldanhabay.co.za
www.saldanhabay.co.za

MELD ASB ONS VERW NR: 38, 35, 37, 40ST H
PLEASE QUOTE OUR REF NO:
NGESICELO BONISA INOMBOLO:

Navrae: D de VB Visser
Enquiries:
iMibuzo:

19 Februarie 2008

CK RUMBOLL & VENNOTE
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Geagte meneer

**GRONDGEBRUIKBEPLANNING EN BEHEER: AANSOEK OM
HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 38 EN GEDEELTES
VAN ERWE 35, 37, EN 40, ST HELENABAAI (FASES 1, 2 & 3 ST HELENA
VIEWS)**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het tydens die vergadering gehou op 7 Februarie 2008, die aansoek (Item BM8/2-08), om hersonering en onderverdeling van Erf 38 en gedeeltes van Erwe 35, 37, en 40, St Helenabaai, ingevolge Artikels 16(1) en 25(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, Nr 15 van 1985, soos volg oorweeg:

- i) dat die aansoek om hersonering van erf 38 en Gedeeltes van erwe 35, 37 en 40, St. Helenabaai (Fase 1 & 2 van St Helena Views), ingevolge Artikel 16(1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), vanaf Enkelwoning en Landbou na Onderverdelingsgebied, goedgekeur word;
- ii) dat die aansoek om hersonering van 'n Gedeelte van restant erf 35, St. Helenabaai (Fase 3 van St Helena Views), ingevolge Artikel 16 (1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), vanaf Landbou na Onderverdelingsgebied, goedgekeur word;
- iii) dat die aansoek om onderverdeling van erf 38 en Gedeeltes van erwe 35, 37 en 40, St. Helenabaai (Fase 1 & 2 van St Helena Views), ingevolge Artikel 25 (1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985) ten einde voorsiening te

maak vir Enkelwoon Residensiële persele, Groepbehuisingspersele; Privaat Oopruimtes en Privaat Strate, goedgekeur word; en

- iv) die aansoek om onderverdeling van 'n Gedeelte van restant erf 35, St. Helenabaai (Fase 3 van St Helena Views), ingevolge Artikel 25 (1) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985) ten einde voorsiening te maak vir Enkelwoon Residensiële persele, Groepbehuisingspersele; Privaat Oopruimtes en Privaat Strate, goedgekeur word.

Aangesien beswaar teen die aansoek ontvang is, is hierdie besluit eers van krag na afloop van die appélperiode. Die goedkeuring sal onderhewig wees aan die volgende voorwaardes:

- a) dat die applikant verantwoordelik is vir alle kostes rakende hierdie aansoek;
- b) dat die goedkeuring nie die eienaar vrywaar om aan enige ander relevante statutêre vereistes en permitte, indien van toepassing, te voldoen nie;
- c) dat die aansoek is onderhewig aan goedkeuring deur die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning alvorens met die aktiwiteit begin kan word in terme van die Regulasies afgekondig ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbewing, Wet 107 van 1998, (Staatskennisgewing No. R. 385, R. 386, en R. 387 in Staatskoerant No. 28753 van 21 April 2006);
- d) dat die ontwikkeling so voorsien word dat daar 'n redelike buffer behou word tussen die graniet uitstulpings en fisiese ontwikkelings soos voorgestel in die Botaniese verslag aangeheg as **Bylae M** tot die verslag;
- e) dat die grootmaat dienste installering en opgrawings gemonitor word deur 'n proffesionele argeoloog;
- f) dat indien enige menslike oorskot gevind word moet dit onmiddelik geraporteer word aan die Erfenis Hulpbron Owerheid;
- g) dat 'n terugsetlyn van 30 - 40m vanaf die hoogwater merk word ondersteun by fase 3, dit sal meer beskerming bied aan argeologiese oorblyfsels;
- h) dat die konstruksie van verhewe voetganger roetes na die strandgebied voorsien moet word;
- i) dat argeologiese monsters van skulp afset gebiede sal vereis word om die belangrikheid van ondergrondse neerslae te bepaal;

- j) dat die netto digtheid van die enkelwoonerwe wissel tussen 20 tot 22 eenhede per ha en moet oorwegend tussen 450m² tot 550m² groot wees;
- k) dat die netto digtheid van die groepbehuisingserwe in die ontwikkeling moet wissel tussen 30 tot 35 eenhede per ha met erfgrouttes in die orde van 250m² to 350m²;
- l) dat die ontwikkelingsparameters soos vervat in die verslag gebruik word as basis vir die opstel van die ontwikkelingsriglyne vir die voorgestelde ontwikkelings met in begrip van boulyne, dekking en hoogte van eenhede;
- m) dat die Padingenieur moet ook verslapping gee vir die statutêre boulyn van 85m na 5m op die erwe wat grens aan MR533;
- n) dat die drie erwe weerskante van die toegangspad vanuit MR533 (in totaal 6 erwe) moet herbeplan word sodat geen direkte toegange vanaf die erwe geskep word tot by eerste mini-verkeersirkel, dit is ook die gedeelte waar voorsiening gemaak moet word vir die toegangshek;
- o) dat dit oorweeg word om die vyf mees oostelike erwe in Fase 1 te herbeplan en meer sinvol te voorsien;
- p) dat die uitleg ook aangepas word om die 25m granietrots buffer reg deur die onderverdelings voorstel te handhaaf;
- q) dat daar meer skakeling bewerkstellig word tussen die ontwikkeling en die aangrensende natuurgebied te einde die inwoners instaat te stel om te wandel in die natuurgebied;
- r) dat die heining kondisie tussen MR533 en die ontwikkeling moet spesifiek beplan en ontwerp word, daar word voorgestel dat 'n mate van 'n gelandskapeerde grondwal gebruik word wat nie uitsigte belemmer nie, maar die ontwikkeling versag van MR533 se kant af en die voorgestel grensmuur op die pad moet oorwegend deursigtig van aard wees;
- s) dat die ingang na Fase 2 vanuit Stephanstraat herbeplan word ten einde voorsiening te maak vir die toegangshek en gepaardgaande fasiliteite, daar word ook voorgestel dat die toegangspad minstens 16m wyd is;
- t) dat 'n addisionele toegang op die suidelike grens van die ontwikkeling geskep word vir voetgangers wat na die berggebied wil stap;
- u) dat die erwe weerskante van die toegangspad vanuit MR533 herbeplan word sodat geen direkte toegange vanaf erwe geskep word

tot by die eerste interseksie, dit is ook die gedeelte waar voorsiening gemaak moet word vir die toegangshek;

- v) dat die suid-westelike gedeelte van die ontwikkeling hersien word ten einde die 25m buffer vanaf die graniet rotse te respekteer;
- w) dat die onderverdelingsplan gewysig word om te voldoen aan die vereistes van die terugsetlyn;
- x) dat die groepbehuisingskomponent van die Fase 3 uitleg heeltemal hersien word aangesien dit algehele toegang na die see afsny, daar word voorgestel dat voorsiening gemaak word vir voldoende toegang na die see vir die algemene publiek met 'n parkeerarea en fasiliteite
* wat spesifiek ook openbare toilette insluit;
- y) dat 'n gewysigde uitleg duidelik aantoon hoe ver die ontwikkeling gaan wees vanaf die hoogwatermerk;
- z) dat die oopruimtes aangewend word om speelruimtes binne die onderskeie woonbuurt selle te ontwikkel, die ontwikkelaar moet hierdie ruimtes ten volle ontwikkel alvorens dit oorgedra word aan die Huiseienaarsvereniging om te bestuur en in stand te hou;
- aa) dat die restant van die ontwikkeling aan die suide kant behou word as natuurlike veld en geen ontwikkeling geskied binne 25m vanaf die rotsformasies;
- bb) dat die heining wat tussen die ontwikkeling en die koppie opgerig word moet so deursigtig moontlik wees om sekuriteit te verskaf maar so onopsigtelik moontlik voorkom;
- cc) dat toegang na die natuurgebied en in die natuurgebied moet deur middel van vooraf beplande voetpaadjies geskied ten einde die natuurlike attribute van die omgewing sover moontlik te behou;
- dd) dat die voorgestelde argitektoniese riglyne tot bevrediging van die Raad se Estetiesekomitee en die Bestuurder: Ruimtelike Beplanning en Ontwikkeling gefinaliseer word;
- ee) dat die tema (styl, kleur, hoogte ens) van die voorgestelde argitektoniese riglyne tot bevrediging van die Raad se Estetiesekomitee en die Bestuurder: Ruimtelike Beplanning en Ontwikkeling wees;
- ff) dat geen volksvreemde argitektoniese voorstelle aanvaarbaar is nie en dat daar gekyk moet word na tipiese Weskus boustyle en moderne en kontemporêre weergawes van die style, geen Kaap-Hollandse of Toskaanse style – wat totaal vreemd aan die omgewing is – sal oorweeg word nie;

* ingevoeg na aanleiding van ter plaatse inspeksie

- gg) dat geen voorafvervaardigde betonmure in die ontwikkeling toegelaat word nie;
- hh) dat die Konstitusie van die Huiseienaarsvereniging, ingevolge Artikel 29 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Nr 15 van 1985), tot bevrediging van die Bestuurder: Ruimtelike Beplanning en Ontwikkeling gefinaliseer word nadat die Raad se prokureurs 'n aanbeveling gemaak het en dat hierdie plaasvind voordat uitklaring kan geskied;
- ii) dat verpligte lidmaatskap aan die huiseienaarsvereniging vervat word in die titelakte van elke afsonderlike wooneenheid;
- jj) dat daar in die Huiseienaarsvereniging Konstitusie 'n klosule vervat word wat voldoening aan die goedgekeurde argitektoniese riglyne afdwing;
- kk) dat die enkelwoon erwe moet onderhewig wees aan die voorgestelde riglyne terwyl daar meer detail gegee moet word vir die groepbehuisingseenhede. Daar moet of vooraf fases geïdentifiseer word wat in lyn met spesifieke terreinontwikkelingsplanne ontwikkel word of dit moet op plot-en-plan basis ontwikkel word waar die tipe planne vooraf goedgekeur word. Die bedoeling met 'n groepbehuisingontwikkeling is dat dit 'n groep afsonderlike en/of geskakeelde wooneenhede is wat beplan, ontwerp en gebou word om 'n harmonieuse argitektoniese entiteit en eenheid te skep.
- ll) dat die ontwikkeling volgens die aangehegte standaard voorwaardes van die Munisipale Ingenieur: Siviele Dienste is (weergawe 2005-b). Sien **BYLAE "H"** tot die verslag.
- mm) dat die voorgestelde erf uitleg gewysig word om aan die nodige behoeftes te voldoen;
- nn) dat kapitaal bydraes per erf / eenheid plus BTW vir Water, Riool, Vaste Afval, en Paaie betaalbaar is ingevolge Raadsbesluit 35/06-07 van 26 Junie 2007, by die indiening van bouplanne of by aansoek vir uitklaring welke ookal die vroegste is in die geval van Enkelwoon soneerde erwe en in die geval van enige ander sonering sal bykomende kapitaal bydraes betaalbaar wees met indiening van bouplanne. Die tarief vir kapitaal bydraes van toepassing sal wees soos op die datum van uitreiking van uitklaring of goedkeuring van bouplanne;

[Hierdie kapitaal bydraes word jaarliks herbereken en geëskaleer op 1 Julie ooreenkomstig die veranderlikes in die formules wat vir die berekening van kapitaal bydraes gebruik word]

- oo) dat die applikant die firma CES / GLS van Electronstraat 11, Stellenbosch, 7599 aanstel om 'n waternetwerk aansluiting sertifikaat aan die raad en aan die applikant / ontwikkelaar te verskaf. Dat die applikant vir alle kostes rakende die aanstelling van CES / GLS self verantwoordelik is;

Sien die volle detail op bogenoemde standaard **BYLAE H** tot die verslag.

- pp) dat 'n 16 meter minimum wye padreserwe vir die toegangspaaie tot die ontwikkelings gedeeltes voorsien word;
- qq) dat 'n 25m breë padreserwe geskep word vir Provinsiale Pad MR533. Die erf vir die reserwe moet sy eie St Helenabaai erfnommer kry en oorgedra word aan die Raad;
- rr) dat alle toegangspaaie en toegangspunte op Provinsiale Pad MR533 moet vooraf deur die Distrikpadingenieur goedgekeur word;
- ss) dat enige verdere las op enige Provinsiale pad moet deur die Distrik Padingenieur goedgekeur word;
- tt) dat die ontwikkelaar is verantwoordelik om die Distrikpadingenieur te kontak ten einde goedkeuring vir die ontwikkeling te kry;
- uu) dat voor finale goedkeuring moet die Distrik Padingenieur die detail ook goedkeur;
- vv) dat die goedgekeurde erf diagramme in 'n geskikte papier formaat aan die Raad verskaf word ten minste twee (2) weke voor uitklaring verlang word en/of voordat 'n okkupasie sertifikaat uitgeryk word;
- ww) dat alle straat hoeke by alle padreserwes en padserwitute moet voldoende afgestomp word om toe te laat dat die nodige voertuie die pad maklik kan gebruik;
- xx) dat die afstompings by die aansluiting van hoofroetes moet almal ten minste 7,5 x 7,5 meter wees;
- yy) dat die afstompings van enige ander hoeke moet almal ten minste 4,5 x 4,5 meter wees;
- zz) dat indien 'n toegangsbeheer hek enige plek in die ontwikkeling aangebring word moet sodanige hek minstens 18m vanaf enige interseksie of vanaf 'n publieke pad geplaas wees. Dit is om toe te

laat vir minstens 3 motors voor die hek sonder dat hulle met die verkeer op die ander paaie inmeng;

aaa) dat die gedeelte pad tot by die toegangshek moet geregistreer word as publieke pad met sy eie erf nommer en die erf moet deur die ontwikkelaar op sy koste oorgedra word na die Raad;

bbb) dat die ontwikkelaar is vir die konstruksie van alle toegangspaaie tot by ontwikkelinge verantwoordelik;

ccc) dat alle riool uitvloei van hierdie ontwikkeling moet by die nuwe munisipale rioolstelsel van die gebied aansluit;

ddd) dat alle stormwater van hierdie ontwikkeling moet binne 'n retensie dam op die ontwikkeling gestoor word waarna die ontwikkelaar dit na die see toe moet lui;

eee) dat afhangende van die vereistes van die Raad se Departement Ruimtelike Beplanning en Ontwikkeling, moet die retensie damme in erwe gesoneer as pad reserwe of publieke oopruimtes geskep word;

fff) dat voordat enige uitklaring van die erwe kan plaasvind moes die volgende al gedoen en voorsien gewees het:

- Alle voorwaardes wat deur alle statutêre liggame asook deur die raad voorgelê was moes al nagekom gewees het.
- Alle kapitale bydraes moes betaal gewees het.
- Die korrekte en toepaslike waternetwerk aansluiting sertifikaat vanaf CES / GLS moes verskaf gewees het.
- CES / GLS moes gesertifiseer het dat hulle die korrekte "Soos Gebou" detail vanaf die ontwikkelaar ontvang het en dat CES / GLS die detail by die stelsel bygevoeg het.
- Die straat en/of die straat afstoppingserwe moes al aan die raad oorgedra gewees het of bewyse moet gelewer word dat die oordragte aan die raad in proses is.
- Alle dienste moet binne geregistreerde serwitute in die naam van die diens eienaar geregistreer wees.
- Die goedgekeurde algemene planne en/of erf diagramme moes in die verlangte formaat al verskaf gewees het. Die goedgekeurde straatname moes op die algemene planne en/of op die erf diagramme aangebring gewees het voor registrasie.
- Alle dienste, insluitend diensaansluitings moes al deur 'n

professionele siviele ingenieur as volledig voltooi gesertifiseer gewees het. Hierdie ingenieur moet in die ontwerp en inspeksie van die betrokke diens bekwaam wees.

- “Soos Gebou” detail van alle dienste moes in raad aanvaarde formaat aan die raad verskaf gewees het.
- ‘n Afskrif van die ooreenkoms tussen die applikant en die Distrik Padingenieur rakende die Provinsiale voorwaardes van ontwikkeling goedkeuring moes al aan die raad verskaf gewees het.

- ggg) dat die relefante ingenieursverslae word aangeheg as **Bylae I tot L** tot die verslag en word die aanbevelings van die verslae hiermee opgeneem as deel van die ontwikkelings voorwaardes vir die voorgestelde ontwikkeling;
- hhh) dat die elektriesiteit val binne die Eskom elektrisiteitsvoorsieningsgebied;
- iii) dat die straatlignetwerk volgens die Raad se standarde ontwerp word;
- jjj) dat straatlig netwerke wat nie voldoen aan die Raad se standarde nie moet deur die ontwikkelaar / huiseienaarsvereniging herstel en onderhou word;
- kkk) dat die Raad is verantwoordelik vir die brandkoste van straatligte in terme van die straatlig ooreenkoms tussen Eskom en die Raad;
- lll) dat die ontwikkelaar is verantwoordelik vir die kapitale kostes ter vestiging van die straatlig netwerk;
- mmm) dat ten einde uitklaring te gee moet Eskom die Raad skriftelik 'n aanduiding gee dat die elektriese dienste volledig geïnstalleer is en daar voldoende kapasiteit is om krag te lewer aan die eindverbruikers;
- nnn) dat die nodige brandkrane en brandbestrydingstoerusting voorsien word;
- ooo) dat daar voorsiening gemaak word vir die nodige vullisverwyderings dienste en dat die gebied vir die Raad se vullisverwyderingsvragmotors toeganklik sal wees;
- ppp) dat die ontwikkelaar by voltooiing van die onderverdeling en ontwikkeling van die infrastruktuur die raad in kennis moet stel wat die ontwikkelingskoste bedra ten einde die Munisipale Ingenieur : Siviele Dienste in staat te stel om voorsiening te maak vir die jaarlikse

onderhoud en depresiasie op die bedryfsbegroting;

- qqq) dat straatname tydig voorsien word;
- rrr) dat voldoende stofbeheermaatreëls tydens ontwikkeling van die perseel toegepas word;
- sss) dat na onderverdeling die onderverdeelde erwe asook die restant van die eiendom per aanvullende / algemene waardasie waardeer en volgens Raadsbeleid belas word;
- ttt) dat geen uitklaring / bewoning toegelaat sal word voordat alle vereistes nagekom is nie;
- uuu) dat die eiendomme herwaardeer word en ingevolge Raads beleid belas word;
- vvv) dat eiendomsreg verkry word op alle openbare oopruimtes, strate en servitute wat mag ontstaan na onderverdeling deur registrasie in die naam van die Raad, voordat enige ander oordragte plaasvind; en
- www) dat die applikant skriftelik bevestig dat al die goedkeuringsvoorwaardes aanvaar word en indien nie, dat daar volgens die voorgeskrewe prosedure teen sodanige voorwaardes geappeleer word.

Neem kennis dat al is daar besluit om die aansoek goed te keur, die reg tot appèl na die Munisipale Bestuurder van Saldanhabaai Munisipaliteit hiermee gegee word in terme van Artikel 62 van die Munisipale Stelsels Wet, No 32 van 2000.

Indien u of die beswaarmakers sou appelleer sal die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ter syde gestel word totdat die appèlproses in terme van die Munisipale Stelsels Wet, No 32 van 2000, voltooi is, waarna die besluit van die plaaslike owerheid finaal is. Op hierdie stadium sal u dan die reg tot appèl gegee word teen die besluit van die plaaslike owerheid na die Premier van die Wes-Kaap in terme van Klousule 44 (1)(a) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, No 15 van 1985 en paragraaf 22 van die Regulasies soos gepubliseer in die Provinsiale Kennisgewing, PN 1050/1988.

Indien u die reg tot appèl wil uitoefen moet u die volgende prosedure volg. Indien hierdie prosedure nie gevolg word nie, mag u reg tot appèl ongeldig word:

- die appèl moet in skrif wees,
- die appèl ingevolge die Munisipale Stelsels Wet, No 32 van 2000, moet geadresseer word aan: **Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X12, Vredenburg, 7380, per geregistreerde pos,**

- indien u u reg tot appèl wil uitoefen in terme van Artikel 44(1) van die Ordonnansie 15 van 1985, moet die appèl ingedien word by **Die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000 per geregistreerde pos**, 'n afskrif waarvan aan hierdie Raad binne die gemelde tydperk aan bogenoemde adres voorgelê moet word,
- al die relevante dokumentasie moet die appèl vergesel,
- gronde waarop die appèl gebaseer is, moet aangedui word,
- die reg tot appèl moet geskied binne **21 dae van registrasie** van hierdie skrywe. Die Raad sal aanvaar dat die reg op appèl uitgeoefen word op die datum wat u appèl ontvang word by die Administratiewe Kantore van hierdie Raad.

Die uwe



MUNISIPALE BESTUURDER
/dd

-84-

BASIC STANDARD SPECIAL DEVELOPMENT CONDITIONS : CIVIL BASIESE STANDAARD SPESIALE ONTWIKKELINGS VOORWAARDES : SIVIEL		
VERSION WEERGAWE	STANDARD DEVELOPMENT STANDAARD ONTWIKKELING	2006-b
ADDITIONAL DETAIL ADDITIONELE DETAIL	SUBDIVISION and/or CONSOLIDATION and/or REZONING ONDERVERDELING en/of KONSOLIDASIE en/of HERSONERING	
#	1. Standard Special Development Conditions : Civil (#'s 1E to 25E) 1. Standaard Spesiale Ontwikkelings Voorwaardes : Siviel (#'s 1A tot 25A)	
1E	Should the first of the proposed development not be registered at the Deeds Office within the required time set down by Council's town planners or any statute then the proposed subdivisional layout will be deemed to be null and void because the subdivision approval would have expired. In this instance the applicant will be responsible for the withdrawing of the proposed subdivisional layout from the Office of the Surveyor General. This proposed subdivisional layout must be withdrawn from the Surveyor General within 60 days of the subdivisional plan being null and void or before the original erf can be sold. This subdivisional plan withdrawal must be done at the earliest of the two instances.	
1A	Sou die eerste erf van die voorgestelde ontwikkeling nie by die Afdelingskantoor geregistreer gewees het voordat die ontwikkeling uitgelig in terme van die voorwaardes van die raad se stadsbeplanners of in terme van enige statutêre reëls vervel het sal die onderverdeling uitlig dienooienkomstig nie meer 'n bestaanreëls het nie omdat die onderverdeling goedkeuring vervel het.	
1B	In hierdie geval sal die applikant vir die terugtrekking van die voorgestelde onderverdeling uitligplan by die kantoor van die Landmeter-Generaal verantwoordelik wees. Hierdie voorgestelde onderverdeling uitligplan moet binne 60 dae vanaf die datum wanneer die onderverdelingsplan vervel het by die Landmeter-Generaal teruggetrek gewees het. Anders moes die voorgestelde onderverdeling uitligplan teruggetrek gewees het voordat die oorspronklike erf verkoop kan word. Die terugtrekking van die onderverdeling uitligplan moes by die vroeëste geleentheid uitgevoer gewees het.	
2E	Existing services or developments must not be adversely affected by this development.	
2A	Hierdie ontwikkeling mag nie die bestaande dienste of ontwikkelings negatief beïnvloed nie.	
3E	The applicant will be responsible for the provision of all services that will be required as a direct result of this proposed development. The development must be provided with service connections of sufficient capacity to within the development and to within all erven. The applicant shall have to enter into an agreement with Telkom for telephone services. All Telkom services shall be placed underground or as may be directed by Council's Town Planners.	

#	Standard Special Development Conditions : Civil (#'s 1E to 25E) Standaard Spesiale Ontwikkelings Voorwaardes : Siviel (#'s 1A tot 25A)
3A	Die applikant sal vir die verskaffing van alle dienste wat deur hierdie ontwikkeling benodig word verantwoordelik wees. Die ontwikkeling moet van diensaansluitings van voldoende kapasiteit tot binne die ontwikkeling en tot binne alle erve voorsien word. Die applikant sal 'n ooreenkoms met Telkom vir Telekomdienste moet teken. Alle Telkom-dienste moet ondergronds geplaas word of soos die stadsbeplanners van die raad dit mag voorskryf.
4E	Where necessary the applicant shall also relocate existing services at his cost or register servitudes for them in the name of the service owner. All servitudes must have sufficient width and space to inter alia protect the service and to allow sufficient access to the service. The relocation of any service, or the registration of a servitude for it, for whatever reason, irrespective of whether the service has legal standing or not, will be considered an internal matter to the development and will be for the account of the developer.
4A	Waar nodig moet die ontwikkelaar bestaande dienste op sy koste verskuif of die ontwikkelaar moet servitude vir hulle laat registreer. Alle servitude moet voldoende wydte en spasie hê om onder andere die diens te beskerm en om voldoende toegang tot die diens aan te kan bied. Die herplasing van die diens of die registrasie van 'n servituut vir water rede, ongeag of die diens 'n bestaanreëls het al dan nie, sal as 'n interne saakeleentheid beskou word en sal vir die rekening van die ontwikkelaar wees.
5E	All services shall be designed in accordance with standards approved of by Council. The Municipal Engineer must approve of all the details of all civil services for this development prior to any tenders being called as well as before the work is carried out. The Municipal Engineer or his representative must be invited to all the site meetings.
5A	Alle dienste moet volgens die standarde van die raad ontwerp word. Detail van alle siviele dienste van hierdie ontwikkeling moet vooraf deur die Munisipale Ingenieur goedgekeur word alvorens tenders gevra mag word. Die Munisipale Ingenieur of sy gevolmagtigde moet na alle terrein vergaderings genooi word.
6E	Should any part of the development be private, the applicant and/or the land owners and/or the home owners association shall be responsible for the maintenance of all internal services for that section of the development. All design plans must show in advance which portions of the development, if any, are to be private. Private development portions must also be shown on all "As Built" plans.
6A	Sou enige gedeelte van die ontwikkeling privaat wees, sal die ontwikkelaar en/of die erf eienaars en/of huiseienaarvereniging vir die onderhoud van alle interne siviele dienste vir daardie gedeelte verantwoordelik wees. Alle ontwerpplanne moet vooraf aandui watter gedeelte van die ontwikkeling, indien enige gedeelte, sal privaat wees. Privaat ontwikkeling gedeeltes moet ook op alle "Soos Gebou" planne aangedui word.

#	Standard Special Development Conditions : Civil (#'s 1E to 25E) Standaard Spesiale Ontwikkelings Voorwaardes : Siviel (#'s 1A tot 25A)
7E	Should any part of the development be private and should a centralised refuse storage area be required then a suitable and approved refuse storage area must be provided for the development in a suitable and approved position. Council's refuse compactor vehicles must be able to easily manoeuvre to collect the refuse holders. The refuse storage area must be able to be easily cleaned so that the developers can keep the area hygienic. For health reasons the area may not drain into the stormwater system. Rainwater from the waste area may also not enter any drainage system. The final detail must be approved of by Council before commencement of any building works.
7A	Sou enige gedeelte van die ontwikkeling privaat wees en sou 'n sentrale vuilnis stoor area benodig word sal 'n voldoende en aanvaarde vuilnis stoor area op die ontwikkeling by 'n aanvaarde posisie voorsien moet word. Daar moet genoegsaam beweeg area vir die raad se vuilnis kompakteerder voertuie wees om die vuilnishouers maklik te kan hanteer. Die vuilnis stoor area moet maklik skoongemaak kan word om te verseker dat die ontwikkelaars die area higiënies kan hou. Vir gesondheids redes mag die area nie na die stormwaterstelsel dreineer nie. Reënwater van die vuilnis stoor area mag nie enige dreineer stelsel bereik nie. Die finale detail moet vooraf deur die raad goedgekeur word alvorens enige bouwerk mag begin.
8E	Stormwater discharge from the area must not adversely effect downstream developments, the nature and/or the sea. Suitable stormwater detention ponds shall be provided by the developer within medium to large size developments or where excessive stormwater runoff will be generated. Unless approval is received for an exemption for the requirement of an "EIA" specifically for stormwater management, an EIA and ROD is required for the stormwater system. If any promulgated statutes specifically indicate that the development is exempt from the requirement of an "EIA" then in that instance an EIA and ROD would not be required.
8A	Stormwater vanaf hierdie ontwikkeling mag nie stroomaf ontwikkelings, die natuur en/of die see negatief beïnvloed nie. Aanvaarde stormwater detensiedamme moet deur die ontwikkelaar binne die ontwikkeling voorsien word vir medium tot groot ontwikkelings of waar stormwater afloop buitensporig gegeneer gaan word. Behalwe as vrystelling vooraf verkry word om nie 'n "EIA" vir spesifieke die stormwater te laat doen nie, sal 'n "EIA" en "ROD" vir die stormwater hanteering benodig word. Sou enige afgekondigde verordeninge dit spesifiek aandui dat geen "EIA" of ROD vir die ontwikkeling benodig word nie dan in daardie geval sal 'n "EIA" nie nodig wees nie.
9E	No electrical substation or meter may be placed where it will cause an obstruction to pedestrians or where it could cause an obstruction of vehicle site distances.
9A	Geen elektriese meterkas of transformator mag geplaas word waar dit die obstruksie van voetgangers sal veroorsaak of waar dit die obstruksie van sigafstande van motoriste mag veroorsaak nie.
